# PERSVERKLARING OOR PROFIELKAPING

**Tshwane, 29 Augustus 2024** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem met kommer kennis van die artikel deur die Sunday Times (op 25 Augustus 2024) aangaande die kaping van belastingpligtiges se profiele.

Onder normale omstandighede, is SARS deur Hoofstuk 6 van die Wet op Belastingadministrasie, 28 van 2011, verbied om vertroulike belastingpligtige-ingligting te deel, maar aangesien die belastingpligtige toestemming gegee het dat hulle inligting in die artikel gepubliseer word, sal SARS die aangeleentheid opklaar.

SARS het die beweerde misdaad deeglik ondersoek, slegs met die doel om enige moontlike interne onreëlmatighede of beweerde medepligtigheid deur SARS-personeel, wat die organisasie se stelsels in gevaar kon stel, te ontbloot.

SARS het oor die jare internasionaal-erkende en gebruikersvriendelike stelsels gebou om dit maklik en eenvoudig vir belastingpligtiges te maak om hulle wetlike verpligtinge na te kom. Sodanige stelsels sluit ingeboude oorsig van elke transaksie in om belastingpligtiges se inligting te beskerm en interne toerekenvatbaarheid te verseker.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het gesê: "SARS het hierdie aangeleentheid ondersoek en bevind dat geen nalatigheid of aanspreeklikheid aan SARS toegereken kan word nie, wat beteken dat SARS nie aanspreeklikheid gehou kan word vir die kriminele optrede waaroor die Sunday Times verslag gedoen het nie."

SARS sal die maatskappy en alle wetstoepassende agentskappe bystaan in enige ondersoeke wat moet volg om die bron van hierdie belastingmisdaad te ontbloot. Hy het bygevoeg dat die misdaad van profielkaping na deurdringende kubermisdaad met wêreldwye skakels wys. Die gesofistikeerdheid van hierdie soort misdaad ontwikkel aanhoudend en SARS, soos alle ander finansiële instansies is onder konstante bedreiging as gevolg van internasionale kubermisdaadsindikate. SARS het aansienlik in sy tegnologiese infrastruktuur belê om hierdie fenomeen te bestry.

SARS werk eenstryk aan hoe om sy prosesse te versterk om belastingpligtiges te outentiseer wanneer bankbesonderhede verander word. Sommige van die versterkings wat geïmplementeer is, sluit veelvoudige-faktor-outentisering, versterking van wagwoordreëls en biometriese outentisering in. Afgesien hiervan, assesseer SARS deurgans sy eie stelsels om stelselswakhede te identifiseer om te verseker dat ons enige vorm van risiko mitigeer.

Kommissaris Kieswetter het afgesluit met: "Een van ons hoof strategiese oogmerke is om publieke vertroue in die organisasie te bou wat tydens die jare van staatskaping verlore gegaan het. SARS het groot vordering gemaak op hierdie gebied en wil beslis nie die gewonne strydgebied deur kriminele aktiwiteite, welke van binne of buite die organisasie, verloor nie".

SARS verwelkom die navraag wat onderweg is deur die Kantoor van die Belastingombud (OTO) om gevalle van profielkaping te ondersoek. SARS werk met die OTO saam en sien uit na die voorstelle wat gemaak sal word oor hoe om die vlaag van profielkapings die beste die bekamp.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.